MIDDAG 4: SUKKOT – DIE LOOFHUTTEFEES

Doel: Om deur middel van die Joodse fees, Sukkot, die kinders te leer dat God vir ons sorg.

Tyd: Verkieslik net voor of tydens die viering van die Loofhuttefees in Oktober. Die fees duur sewe dae, so dit behoort nie te moeilik te wees om 'n dag te kry nie.

Skrifgedeelte: Oor die (Loof) huttefees: Lev 23:39-44 en (indien nodig) Deut 16:13-17.
Oor die toepassing van ons lewe: Matt 6:25-34 (God sorg vir ons).
Joh 14: 1-3, 2Kor 1-5 (ons het 'n ewige woning by God).

Hulpmiddels: Vir die bou van 'n tydelike hut.

- 16 ligte balke (120 cm x 3 cm x 3 cm).
- Spykers of tou om balke aanmekaar vas te maak.
- 4 meter goiingsak.

Die bou van dié hulpmiddel vra meer tyd en energie as gewoonlik, maar dit is die moeite werd. Daarsonder kan die les moeilik aangebied word. As die regte materiaal eers gekoop is (balke, spykers of tou en goiingsak), kan dit gebêre word en oor en oor gebruik word. Die goeie nuus is dat, met die regte materiaal, die hut binne 40 minute gebou kan word. Dit laat hopelik tyd om die les oor te dra. As die hut vir minstens 2 weke kan staan, maak dit die projek die moeite werd. Die tweede week kan die les voltooi word, of die kinders kan kortliks daaraan herinner word.

Bou van hut:

- Spyker (of bind) 4 balke in 2 vierkante – dit is die 2 symure.
- Versterk die vierkante deur 1 dwarsbalk elk.
- Laat die helpers die 2 symure regop hou.
- Spyker (maar bind is makliker) die 2 symure aan mekaar vas met 4 balke, om so 'n kubus van 1.2 m x 1.2 m x 1.2 m te vorm.
- Versterk dit met 2 dwarsbalke.
- Span tou van balk tot balk om die dak te vorm.
- Bind die goiingsak rondom 3 mure – die 3de is die deur.
- Plaas palmtakke bo-op die tou netwerk wat as dak dien.
- Versier die hut binnekant met vrugte, geverfde prente, ens.

Inhoud van die les:

Vertel die verhaal van die deurtog deur die woestyn. Die Huttefees herdenk die tyd in die woestyn, toe die Israeliete in tente en hutte van hout en takke moes bly – soos die een wat ons vandag gebou het. Van daardie tyd af moes die Israeliete elke jaar hierdie tyd wat hulle in die woestyn deurgebring het d.m.v. die Huttefees herdenk. Hulle moes vir

hulleself tydelike hutte bou en vir ’n week daarin woon, om so te onthou dat, hoewel die 40 jaar in die woestyn swaar was, die Here vir hulle gesorg het. Net so gebeur dit soms in ons lewe dat ons deur ‘n “woestyn tyd” gaan. Selfs al is dit dan vir ons ‘n swaar tyd, het ons die versekering dat die Here vir ons sal sorg, soos Hy ook vir die Israeliete gesorg het. (Lees Matt 6:25-34).

Aangesien die kinders ook die Pasga fees sal vier, is dit belangrik om die verskil tussen Pasga en Sukkot aan te wys. Die Pasga herdenk die uittog uit Egipte – dit wil sê, die verlossing uit slawerny. Daarom het Jesus die Nagmaal gedurende die Pasga ingestel: die brood en wyn herinner ons dat sy gebroke liggaam en sy gestorte bloed ons van ons sondes bevry.

Die Huttefees herdenk nie die verlossing uit Egipte nie, maar dat God vir die Israeliete in die woestyn voorsien het. Die klem moet dus hier val op die feit dat die Here “woestyn tye” (1) vir ons voorsien en (2) ons karakters vorm.

Dit het die Israeliete 40 jaar geneem om deur die woestyn te trek. Nie omdat die pad so lank was nie. Selfs al loop ‘n mens te voet van Egipte na Kanaän, behoort jy die afstand in twee maande af te lê. Daar was egter ‘n rede waarom die Israeliete 40 jaar aan dié pad gestap het. Dit was oor hul ongeloof en omdat hulle so teenoor die Here gekla het, dat Hy gesluit het dat hulle nog nie gereed vir die beloofde land was nie. Hulle moes eers 40 jaar in die woestyn deurbring.

Lesse wat die Huttefees ons leer:

1. Die Here sorg vir ons as ons deur ‘n “woestyn tyd” moet gaan.

2. Ons lewe op aarde is so lendelam soos die hut wat ons gebou het, maar die Here het vir sy kinders ‘n ewige woning. Ons huis op aarde is lendelam, en ‘n wind kan dit maklik omwaai. Dit is ‘n tydelike woning. Maar die Here is met ons op pad na ‘n ewige woning, wat nie so lendelam is nie (Joh 14: 1-3, 2Kor 1 – 5). Nogtans moet ons die lewe hier op aarde nie afskeep nie, maar so goed as moontlik leef – net soos die Jode die tydelike hutte tydens die Huttefees versier.

Sing: ‘n Lied volgens eie keuse.

Afsluiting: Gebed deur een van die groter kinders (wat vooraf gevra is).

Dr Francois Wessels (PSD vir Bediening aan Jode)